Baie welkom by Wapadrant!
'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Wees lief vir mekaar
15 Julie 2018

Eredienste vandag

"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel." (Matt. 5:3)

08:30 & 10:30	Wilhelm Leuschner
Teks:	Kolossense 4:2-6
Tema:	Kerse en spieëls
18:30	**Wilhelm Leuschner**
Teks:	Lukas 4:1-13
Tema:	MAG jy!?

- **Nagmaal** word op 29 Julie bedien.
- Die **doop** word op 5 Aug bedien.

Algemeen

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

Lief en Leed

ONS VRA VOORBIDDING:

- Marietjie Visagie (0781635304) wat in die hoësorgeenheid van Kloof Hospitaal opgeneem is met nierprobleme.
- Die Kerkraad en sy werkgroepe is tans besig om verskeie finansiële uitdagings te hanteer, soos verduidelik in die Julie Maand-Krant op bladsy 12, en versoek dat alle gemeentelede voorbidding sal doen tov leiding en insig, asook onderlinge liefde en verhoudinge.

ONS IS BLY SAAM MET:

- Peter en Lenie Temple (0827120607) met die geboorte van hul baba seuntjie. Annemaré de Kock (0835542181) is die trotse ouma.
- Vorster en Salome Combrink (0828729725) wat nog 'n kleinkind ryker geword het.

Preekrooster

Datum	08:30 en 10:30	18:30
22 Julie	Jaco	Wilhelm
29 Julie	Rassie	Wilhelm

Belydenisaansoeke

Rig asb. self jou skriftelike aansoek aan admin@gkwapadrant.co.za voor **3 Aug. 2018**.

Kleuterkerk, Laerskool- & Hoërskoolkleingroepe

Alle kleingroepe het afgesluit vir die skoolvakansie. Open weer 22 Julie.

Diensgroep- en Gemeente aktiwiteite

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Afgesluit. Open weer 7 Aug 2018.
- **Vroue Bybelstudie:** Afgesluit. Open 17 Julie 2018 om 09:00.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.
- **Gebedsversoeke:** Kom gerus na die erediens na die preekstoel om met die ouderling aan diens of Magda Prinsloo te kom gesels of plaas voltooide gebedsversoeke in die houers agter in die ingangsportaal. Magda 0824145688.
- Die **gemeentekamp** vind 26 tot 28 Okt. by Bosveld Oase plaas. Kontak PC by 0768127610 of Gerhard by 0824477737 vir inligting en besprekings.
- Kleingroep G028 se volgende **koekverkoping** vind plaas Sondag 29 Julie tussen die oggend eredienste in die amfi. Fondse word hoofsaaklik gebruik om getraumatiseerde en gestremde volwassenes te ondersteun. Kontakpersoon Carene de Vries, 0845167988

Adoramus, gelei deur Jaco Kruger, vind **VANDAG 16:30-17:30** plaas in die Kapél. Daarna kuier ons saam en drink koffie terwyl ons wag vir die Straatkafee erediens. Kontak Magda 0824145688

Gemeentelede wie geroepe voel om hul kundigheid op pro bono basis aan die **Barmhartigheidsbediening** beskikbaar te stel, moet asseblief hul name opgee by die kerkkantoor. In besonder benodig die bediening ad hoc advies / hulp ten aansien van berading, medies en tandheelkunde, kontraktering, regshulp en enige ander.

Liefdegawes 2018 (Kollekte tydens eredienste)

- **Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente:** Wapadrant Diakonie (vir o.a. behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- **Een derde vir verdienstelike Sake Buite Gemeente:** Admin Buro en andere.